Mense en Plekke van die Piketberg-kontrei

Smouse en Plaaswinkels

1926 Jakob Jankel Katzeff, Smous



1970 Bron: Sarie Marais 6 Mei 1970

Die smouskar het gekom tot voor die kombuis toe, dan koop ons ons goed. Alles. Van materiaal af vir klere. Hulle het nie klaar klere nie. Miskien as jy sê: "Het julle 'n broek in die winkel?" Dan sê die man: "Ja, ek bring hom." En ons het materiaal gekoop. Suiker en lekkers en alles wat jy in 'n winkel het. Dan maak hy hom alkante oop. En dan kyk jy wat jy wil hê. Dan handel jy mos die groceries. Jy gee mos nou vir hom eiers en botter, en die velle van die slaggoed, en die hoenders, en jy ruil mos nou. Dan vat hulle dit saam. Die Vader weet wat hulle daarmee gemaak het ... Die smous het gekom van Velddrif af. Maar daar was verskillende drivers. Dit was die Besters se winkel, die een; die ander twee het gekom van Aurora af. Hulle het soontoe gekom, en het van plaas tot plaas gery. En dit was wonderlik vir ons. En ons kon op die boek koop. Dan word dit in 'n sekerder tyd in die jaar betaal.
Ansie Burger

Ja, as jy klein is, gaan jy saam met die smouslorrie. As jy skoolgaan, moet jy af. Ons Chev-lorrie het so 'n voetplank hier langs die kant gehad, dan het jy daarop gestaan. Dan sit Ma en Pa in die bakkie met die babatjie en jy staan op die voetplank, en jy spring af en jy maak die hek oop, en jy hardloop weer en jy spring weer daarop. As jy by die teerpad kom, dan klim jy binne-in. Ma-hulle het twee smouskiste gehad. Ja, 'n smouskis: die een kant was die groceries, en die ander kant was die materiale. Hy maak so oop; die onderste een is gelyk, dis nou Ma se toonbank. En dan het Pa op die lorrie gestaan, en bo-op die lorrie was gewees so 'n staaltrommel wat hulle nou die suiker, die meel, die rys en daai tipe goed in gehad het. En dan het ons 'n skaal gehad. Maar dis 'n bak. Hy het so 'n ronde gat voor, en dan's hy mos nou so, en dan gooi jy daai goed hier agter in. Dan het jy sulke ystergewiggies, 'n pondgewiggie, vyfpondgewiggie - wat ook al, pond en twee pond - en dan weeg jy mos nou die dinge. Die goed word gegooi in sulke bruinpapier-sakkies.
Barbara Barnard

En as die smouskar kom, die winkel op wiele ... Ek was, ons was almal, so opgewonde. Dan het hy hier voor die deur gestaan. Dan koop ons vir ons lekkers, en die Skoonma-hulle, hulle koop hul kos. Meel, suiker, boontjies, tot daai stukkie twak word afgemeet. Ja.
Hannah Lambrechts

Gert [Heyns] se pa, hulle het mos, soos hulle sê, smous gery. En die lorrie, van alles is daarop; alles wat hulle natuurlik kon oplaai. Hier agter die berg het hulle baie gery, en hier af in die Sandveld rond; jy weet, die mense op die plase gaan besoek. Agter was 'n fuik, daar's nou hoenders en enige ding in. Jy kan sê hoenders, kalkoene, eende, makoue en wat ook al. En 'n ander ding, goed soos die velle (die skaap- en bokvelle), dit hang agter.
Amos Lambrechts



Hannes Thiart 1994

Die eerste smous was maar Klaas Heyns gewees, wat later die winkel gehad het. Hy het wyd gery. Hy het twee Visser-broers gehad wat vir hom gewerk het en wat die smouslorrie gery het. Hulle het later hul eie winkel op Suurfontein oopgemaak, en daarvanaf Aurora toe, en daar het hulle elkeen hul eie winkel gehad ... En op die lorrie? O mag, dis alles, alles, alles. Van baddens af, ja, sinkbaddens ... Die winkel is al jare tot niet. Ma-hulle, hul goed wat hulle gekoop het, soos die koffie en die suiker, dié het die mense gehandel met velle en eiers. Toe ek klein gewees het, toe is die meeste maar gehandel - dis nou na die oorlog - velle, die hoendereiers en die botter, want kontant was maar skaars.
Albert Coetzee

'n Winkeltjie was daar. Hier by Gert Heyns, daar was die winkel. Met alleste. Met alleste. En na daardie winkeltjie het ons gegaan. Daar het die mense op die boek gekry.
Katrina Abrahams

FA: Daar was van A tot Z in daai winkel. Alles was daar.
TK: Lekkers, kaas, suiker, meel ... klere.
FA: Klere. Hulle het als gehad. En die petrolpompe wat daar gestaan het. Die mense het daar kom vol maak met die handpomp. Ja, daai een.
Frikkie Adams & Tassie Koordom

Elke plaas het 'n plaaswinkeltjie gehad. Dis die ding. Waar jou arbeider se geld bly. In daai winkel. Jy pay vandag, volgende Vrydag pay jy weer, maar jy het net hier gekoop, ja.
John Goliath

VASSA · nhc National Heritage Council an agency of the Department of Arts and Culture · Tracing History Trust · topcopy